**Reeks: Letters to live by**
**Titel:** ... Vrede
**Prediker: Johan Geyser**
**Datum:** 10 Junie 2012

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

---

*Let everyone know your life is being lived in another structure of being, one in which the Lord is constantly a vital presence. Don't fret or worry. Instead of worrying, pray. Let petitions and presence shape your worries into prayers, letting God know your concerns. Before you know it a sense of God's wholeness, everything coming together for good, will come and settle you down. It's wonderful what happens when Christ displaces worry at the centre of your life.*
*Summing it all up, friends, I'd say you'll do best by filling your minds and meditating on things true, noble, reputable, authentic, compelling, gracious, the best, not the worst, the beautiful, not the ugly, things to praise, not things to curse. Put into practice what you learned from me, what you heard and saw and realised. Do that and God, who makes everything work together, will work you into His most excellent harmonies. ~Philippians 4:5-9*

Goeiemôre, baie welkom op hierdie heerlike, vars, fris wintersoggend. Daar is natuurlik baie wat nie hiervan hou nie. Hulle is nie hier vanmôre nie. Maar winter is daardie kans in die jaar, nê, daardie geleentheid wat jy het om daardie een baadjie of jas wat jy het wat jy net twee keer 'n jaar kan aantrek, kan uithaal, huh. Vanoggend toe ek wegry uit die kompleks uit toe is daar niemand nie, niemand nie. Daar is nie wagte by die hek nie. Die hek gaan mos vanself oop, gaan vanself toe. Dankie, wie ookal, ry deur. Hendrik Potgieter is 'n droom. Ek het nie geweet nie, ek bly net 17 minute van die kerk af. Ek wens dit kan elke dag so wees soos wat dit vandag is. Winter het baie wonderlike, goeie goed ook vir ons.

Ons gaan vanoggend saam begin deur te kyk na drie skilderye, en ek wil u vra wat gebeur met jou as jy na hierdie skilderye kyk, innerlik, jou ervaring. Wat dink jy aan? Wat voel jy as jy kyk? Die eerste een. Okay, daar is 'n reaksie. Ek weet nie wat dit beteken nie. Ja, ons het toestemming. Ja, daar is... 'n onrustige beeld wat by my uitkom is die betoging as gevolg van die skildery. Whites are racists. Spanning, ek voel ek kom in kontak met onrus wat so onder die oppervlak lê in ons land.

Goed, ons volgende een, pa druk sy oë toe, druk ma se mond toe, wat die kind se ore toedruk. See no, talk no, speak no, hear no evil, en weet jy, toe ek na dit kyk begin ek dink, en daar kom 'n paar ervaringe, beelde, na my toe. 'n Tiener wat vir my sê sy wens sy kan uit die huis uit gaan nou. Sy kan nie wag vir volgende jaar nie want sy kan dit nie meer vat in die huis nie. Die spanning, pa en ma wat die heeltyd baklei, en dan die groot vertoon wat opgesit word. Sy sê hulle kom kerk toe en dan lag hulle en hulle gesels en hulle hou handjies vas. Sy sê ek kan dit nie vat nie. Ma.

Gereeld sê iemand vir my ek wil met jou praat maar my man mag nie weet nie. Niemand mag weet nie, asseblief. Ek mag nie hieroor praat nie maar ek moet net met iemand praat. Die stilswye wat daar in verhoudings is, daardie dooie, koue koelte, atmosfeer wat daar lê. Pa. Hierdie week weer, iemand sê, asseblief, my man kan net nie sien nie. Hy maak... hy maak sy oë toe daarvoor. Hy gaan aan asof daar niks fout is nie, wil nie sien nie, wil dit nie face nie. Nie 'n lekker een nie.

Volgende een: scream. Kan u dink, die oorsponklike skildery is nou verkoop vir 'n rekordbedrag, $120 miljoen, huh, hierdie skildery, hierdie effek? Wat laat dit jou aan... waarnatoe vat dit jou? Vat dit jou na angs toe binne in jouself? Sê jy ek voel ek kan skreeu? Afrikaanse spreekwoord: ek gaan van my kop af raak. Nie baie aangename emosies en idees wat losgemaak word nie, nê, vat ons na disharmonie toe, angs, stres, bekommernis, vrese, en is dit nie baie eie aan die wêreld waarin ons leef nie?

Jy weet, in hierdie week in my navorsing kom ek af op 'n boek wat 'n psigiater geskryf het: The Age of Anxiety. Hy voel daar is nie 'n beter manier om die wêreld waarin ons leef te kan uitdruk en te kan


**© 2012 Mosaïek**

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

beskryf as om te sê dis angs en dis angstig. Dis die wêreld waarin ons leef. As Paulus in die Filippense skryf tel hy 'n woord op wat presies dit beteken waarvan ons nou praat. Die woord beteken ook onder andere om uitmekaargeskeur te wees, om in skerwe te lê, om gefragmenteer te wees. In ons lesing was dit vertaal met fret and worry. In ander Engelse vertalings kry jy die woord anxious. Don't be anxious about anything. Die ou vertaling sê wees oor niks besorgd of bekommerd nie. Dis 'n manier waarop ons dikwels begin te funksioneer.

Paulus skryf aan hulle dan sê hy vir hulle, luister hier, julle word uitgenooi na 'n ander manier van lewe. Let everyone know your life is being lived in another structure of being. Hy sê daar is 'n ander struktuur, innerlike funksionering, waarin jy kan instap, one in which the Lord is a vital presence. Ten spyte van dit wat met jou aangaan, en ten spyte van dit wat in hierdie wêreld om ons gebeur, en ten spyte van hoe dit lyk in jou lewe, jy kan met God lewe. Hy sê hierdie lewe sal gekenmerk word deur vrede. Dis 'n groot woord. Shalom is die ou Hebreeuse woord, wat 'n groot tema was. Hy sê dit is... dit is wat na jou toe sal kom as jy hierdie bewussyn van God wat met jou is kan ontwikkel en met dit kan lewe. God sal vir jou vrede gee.

Eintlik is sy reseppie kort. Sy reseppie is dit: maak vrede met God dan sal God vir jou Sy vrede gee deurdat jy met die God van vrede lewe. Dis 'n mondvol. Hy sinspeel op hierdie vrede en God die heeltyd, en hierdie woordjie vrede beteken in die skriflesing, en Eugene Petersen vertaal dit met a sense of wholeness, of everything coming together for good. Jy kan met 'n gut leef, met so 'n gevoelentheid, met so 'n attitude, met so 'n houding, met so 'n sense in jou, alles in my lewe hoort bymekaar en gaan uiteindelik by mekaar uitkom.

Dis daardie diep geloof wat jy het dat my lewe in die hand van 'n goeie God is, en God, dit wat ookal my pad langs kom, sal meewerk en inwerk in die lewe in, in my lewe in dat dit goed sal uitdraai, al lyk dinge ook nou al hoe vir my. En Paulus kan praat. Hy is in die tronk, doodsvonnis oor hom uitgespreek. En nou sê hy, en hy sal terugkom na hierdie tema toe, hy sê vir hulle, julle ouens, volg my. Volg my. Ek het dit ontdek. Ek het dit geleer. Dis moontlik. Dis daar. Daar is so 'n lewe. Stap in dit in, al gebeur wat in hierdie wêreld.

Hy sê in vers een, staan so vas in die Here, jy weet, en die beeld wat by my uitkom is daardie rotse wat jy sien by die see. Die golwe slaan oor hulle dan verdwyn die rots, maar daar is 'n buoyance in daardie rots. Hy kom altyd weer uit. Hy pop altyd weer uit. Hy kan dalk vir 'n oomblik onder wees, maar niks beweeg daardie rots nie; hy bly. En al kom die wêreld, al kom die goed van hierdie lewe na jou toe kan dit jou vir 'n oomblik van jou voete af slaan, maar weet jy wat, jy kan vas wees. Jy kan vas wees. Jy kan die vrede van God hê wat alle verstand te bowe gaan.

Paulus sê hierdie vrede wat God vir jou sal gee en wat God vir jou wil gee, it will mount, it will guard, it will garrison your mind and your heart. Dit sal jou hart en jou sinne, jou... hierdie ek gaan van my kop af, dit sal daardie kop van jou bewaar. Dit sal jou denke bewaar, dat wat ookal aangaan, jy is beskerm, jy is vas. Jy het hierdie lewe saam met God ontdek. En nou sê Paulus, jy moenie... God gaan dit vir jou gee. Dis 'n geskenk. Dis 'n gawe wat Hy vir jou gee, maar kom ek sê net vir jou, jy moet saamwerk.

Jy moet meewerk met die Here. Die Here gaan dit nie sonder jou doen nie. En is dit nie miskien iets van die misterie van die Christen lewe nie? Dis genade, maar daar is werk ook, jy weet. Ek kry dit nie as gevolg van wat ek doen nie, maar as ek niks doen nie dan kom dit ook nie na my toe nie. Dis asof my doen my op 'n plek sit, my ontvanklik maak, asof my doen my... it's a means of grace. Dis 'n middel wat God gebruik waardeur sy genade na my toe kan kom.

Filippense 2, net bietjie vroeër in die boek, sê hy, vers 12 en 13, werk julle eie heil uit, want dis God wat in jou werk om te wil. God werk in jou. God gee dit vir jou. Daar is goed wat jy moet doen om dit mee uit te werk, en dit lyk in hierdie konteks, daar is veral drie groot goed waarnatoe Paulus ons uitnooi wat


**© 2012 Mosaïek**

ons sal invat in hierdie lewe waar ons kan bewus wees van God wat met ons is, die God van vrede kan beleef, en Sy vrede, ons harte en ons sinne in kan bewaar, hierdie nuwe manier van lewe.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Die eerste ding: kies vir dankbaarheid. Hy sê laat julle begeertes met smeking en met danksegging bekend word by God. Ek... en die manier waarop ek kies vir hierdie dankbaarheid is deur 'n sekere manier van gebed. Jy weet, nou die ou vertaling, deur smeking, kan baie misleidend wees. Dit kan 'n mens vat na 'n beeld toe van 'n klein seuntjie wat vir sy pa sê, asseblief, ek gaan nie loop voor ek dit nie kry nie, en sy voete so in die grond slaan, jy weet, hou aan smeek tot die Here sê Ek kan dit nie meer.... Gabriel, gaan help net asseblief daardie ou. En dis nie heeltemal wat daardie woord beteken nie, jy weet.

Die amplified vertaling vertaal dit met definite and specific prayer requests, so die smeking is eintlik wees spesifiek, en die idee in een van die kommentare wat ek gelees het verwys selfs na so iets soos 'n shopping list. Trek op jou shopping list. Trek op daardie goed wat jy so graag wil hê, en na te verlang, en dan vat jy dit na die Here toe, maar dan dank jy die Here daarvoor voordat jy nog die antwoord gekry het, nie vir die feit dat net jou antwoord jy gaan kry nie, maar dat Hy jou sal antwoord. Jy dank Hom vir Sy antwoord op jou gebed.

En weereens kan dit baie wilful geskiet waarin jy gaan sê vir die Here, ek wil dit hê. Ek herinner U aan U belofte. U belofte sê as ek... as ek iets vra sal U dit vir my gee. Ek wil niks anderster in hierdie lewe nie. Wat doen jy? Jy... is jy kinderlik of is jy kinderagtig? Is jy wilful of is jy willing? Wie... sê jy ek weet beter of sê jy ek berus, U weet beter? En die uitnodiging wat Paulus ons gee is eintlik na oorgawe toe. Dis om te sê ek dank U en ek loof U, soos wat ons gesing het. Blessed be the name of the Lord in the land of the living and plentiful. As dit goed gaan en ek kry al daardie goed, blessed be the name of the Lord, blessed be the name on the road of suffering. Blessed be the name of the Lord.

Ek sê U weet beter. Ek sê, al sê U nee dan weet ek dis beter vir my as U nee sê. As U my gebed regtig wil beantwoord dan het ek dalk iets anders nodig as wat ek dink ek het nou nodig. Ek sê vir U baie dankie vir U sorg, vir U goedheid in my lewe wat my gedra het tot vandag toe. Ek is in alles dankbaar. Ek is in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor my, 1 Tessalonisense 5:18, en nou vat ek hierdie care, hierdie anxiety, 1 Petrus 5:7, casting the whole of your care, all your anxiety, all your worries, all your problems, all your concerns, once and for all on Him, for He cares for you affectionately, He cares over you watchfully.

Ons kan nie altyd verstaan nie. Jy weet, dit is so goed as om vir daardie klein outjie te sê, wat vier jaar oud is, jy wil nou roomys hê. Dis nie die beste ontbyt wat jy kan neem nie. Oats, eet oats. Ek wil nie oats hê nie. Jy sal nie verstaan nie. Eet oats. Ek kan vir jou verduidelik maar jy kan nie lekker verstaan nou nie. En is dit nie presies wat met nie dissipels ook gebeur het nie? Ag, is dit nie presies wat met ons aanmekaar in ons lewe gebeur nie?

Jy... die dissipels is oor en oor vertel maar hulle is net vier jaar oud. Daar is 'n kruisiging. Ek gaan ly. Ek moet ly, sterwe. Daar gaan 'n opstanding wees. Wat gebeur by die kruis? Dis die ergste wat met ons kan gebeur. Ons drome is in skerwe, het in skerwe... ons... ons hele... ons is nou anxious. Daar is nou 'n totale lewe wat uitmekaar uit geval het. Kan hier ooit iets goeds gebeur deur dit wat nou met ons gebeur? Nee, is hulle antwoord, maar Hy het probeer verduidelik. Hy het probeer vertel, maar Hy... wat gebeur toe? Iets wonderliks kom daardeur tot stand.

Die grootste wonder van ons lewe kom in hierdie wêreld in deur die gebeurtenis aan die kruis, en so kan ons dan deur hierdie manier van gebed... jy weet, ons ontwikkel ons eie maniere van gebed wat ons dikwels vat na 'n plek toe waar dit donkerder en ons meer moedeloos is nadat ons gebed het... gebid het. Paulus sê, nee, vat dit nou. Hy sê as jy op hierdie manier leer bid dan sal die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan in jou inkom, en dit gaan jou hart en jou sinne... dit gaan gepaard met dank.


**© 2012 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Die tweede groot uitnodiging is dit rondom ons gedagtes. Hy sê dat julle julle gedagtes nou moet vat, en vat dit wat waar is, wat eerbaar is, wat lieflik is, wat loflik is, watter deug of watter lof ookal daarin mag wees, bedink dit. Dit beteken 'n paar goed. Wel, in die eerste plek, God gaan dit nie sonder ons gedagtes doen nie. Ek weet nie, ek het lank in my lewe so 'n gevoel gehad dat ek net moet bid daaroor en dan kom die salwing van die Heilige Gees oor my, en dan gaan Hy dit vir my gee daardeur. Ek hoef nie eintlik werk te... ek hoef nie te dink nie. Los die denke. Los daardie innerlike werk. Paulus sê dit gaan nie sonder denke gepaard gaan nie. Dis juis deur jou denke wat God wil werk, en hy vra jou samewerking. Word Sy medewerker in hierdie proses.

'n Ander groot ding wat dit beteken is dat ek moet bewus raak van my denke. Dink wat jy dink, huh, en dit beteken... en nou word... hierdie proses geskied hoe? Deur meditasie, sê Paulus, en dit is wat meditasie is. Dit is onder andere om net stil te raak en te gaan sit, nê, en dan word jy bewus van dit wat binne in jou aan die gang is. Wat dink ek? Wat voel ek? Dit kom dadelik na die oppervlakte toe. Die agtergrondmusiek waarvan jy leef, denke en emosies, kom skielik na vore.

Dis natuurlik nie baiekeer aangenaam nie, en dis hoekom ons baiekeer dadelik wil opstaan en weghardloop en sê dis nie vir my nie. Nee, hierdie gesittery en niksdoenery is nie vir my nie. Maar as jy nie 'n waarnemer vestig wat kan kyk na wat jy dink en wat jy voel nie, is die groot gevaar dat jy vereenselwig met jou denke en met jou gevoelens, en dat jy dink jy is jou denke en jou gevoelens. Jy is nie, en die gevaar is dan dat jy nooit sal bewus raak van wat dink jy nie.

As jy bewus raak daarvan dan, sê Paulus, is dit waar, is dit lieflik, is dit loflik, is daar deug daarin. Hierdie gedagtes moet geëvalueer word. En dan, sê Paulus, fix your mind. Dan fokus jy. Dan kies jy wat jy dink en wat jy jou gedagtes mee wil vul. Dis die Christen lewe. Baie van ons het nog nie daardie stap of tot daardie plek gekom waar ons hierdie gebed en hierdie manier van gebed ontwikkel nie, of ook nie hierdie omgang met ons innerlike wêreld nie. Hy nooi jou uit en Hy wil so graag jou help en jou lei in een van die grootste avonture in jou lewe. Dink 'n bietjie, is dit wat jy dink waar?

Die vader van RET, wat 'n skool is in die Sielkunde, Albert Ellis, het veral navorsing gedoen oor angstigheid en denkpatrone, en hier is 'n groot ontdekking wat hy gemaak het, dat daar 'n direkte verband is en 'n patroon is wat geïdentifiseer kan word met iemand wat met baie hoë angsvlakke leef, en dit sê ek nou vanmôre nie om jou skuldig te laat voel nie. Ons almal het dit tot 'n mate, maar dit kan dalk tot 'n groot hulp wees, saam met medikasie wat jy dalk gebruik vir die hoë angs waarmee jy leef, en party van ons is net natuurlik baie meer angstig. Dit loop so partykeer in families, nê. Jy het 'n angstige pa en 'n ma, en nou sit jy ook met daardie hoë angsvlakke en die goed.

Maar hier is die patroon wat hy geïdentifiseer het, dat jy kyk na dit wat gebeur in jou lewe, of dit wat jy dink wat gaan gebeur in jou lewe, en jy interpreteer dit as baie sleg en die einde van my lewe dikwels, nie soos wat ek dit nou ken nie. Ek weet nie wat van my gaan word nie. Dis die einde van my lewe. Hy noem dit awfulising, afwulising, en party van ons is kampioene. As jy kan Olimpiese Spele toe gegaan het vir awfulising was jy in die Suid-Afrikaanse span dalk, wie weet, huh?

Dis net jy het dit, jy kan dit sien. Jy gaan haal die bobbejaan agter die berg en jy voel net dat jy daardeur... dis verby met jou, en nou is die vraag, is dit regtig so. Is dit regtig so? Ek onthou, toe iemand eenkeer met my deur hierdie proses gegaan het, nê, en vir my gesê het ek voel net ek is so angstig, ek sien nie kans om in hierdie ding betrokke te wees. Ek wil uitklim. Die vraag is, hoekom. Uiteindelik te ontdek sê nou dit gaan nie uitwerk nie, en dit lyk vir my asof dit nie gaan uitwerk nie. Ek wil eerder nou uitklim. En toe vra hy vir my, nou wat gaan die effek wees daarvan as jy uitklim. Gaan jy gelukkig wees, of gaan jy net dalk die res van jou lewe loop met hierdie ding, sê nou dit het gewerk?

Sê nou net dit het gewerk omdat ek gebly het? Nou het ek uitgeklim daaruit. Maar ek sien nie kans daarvoor nie. Hoekom nie? Want as dit misluk, wat dan? Dit gaan verskriklik wees. O, as jy misluk? Jy is bo mislukking. Jy mag nie misluk nie. Jy kan nie misluk nie. Jy mag nie deel in 'n baie algemeen




**© 2012 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

ervaring waarmee die hele mensdom dikwels mee sit, mislukking, nie. Jy kan nie daarin... o, jou lewe gaan tot 'n einde kom? Nee, dit gaan baie sleg wees.

En weet jy wat, party ouens gaan dink jy het dit nie in jou nie; jy kan dit nie doen nie. So what? Is dit die einde van jou lewe? Met skaamte... hoe langer jy aangaan, sê hy, bly stil, bly stil. Moenie so lelik praat nie. Dis die waarheid. Ek weet daar is 'n storie wat jy jouself vertel: ek sal nie kan nie. Ek kan nie sonder hierdie persoon nie. Ek sal nie sonder hierdie middele kan... ek sal nie... jy... dis jou storie, jy glo dit. Raai wat doen dit aan jou. Raai wat doen die mite en die leuen waarmee jy leef aan jou.

Dit veroorsaak dat jou bloeddruk verander. Dit veroorsaak dat jou hartklop verander. Dit veroorsaak dat jou pupille... dit veroorsaak dat... dit het 'n effek op jou slaappatroon. Dit het 'n fisiese effek op jou hele funksionering as menswees, die leuen waarmee jy leef. Paulus sê dink net daaroor. Is dit die waarheid? Wat is die waarheid? God is met jou. Dis nie die einde... dit gaan tough wees, dit gaan bad wees, dit gaan 'n lewe wees wat jy nie ken nie. Jy sal van voor af moet begin, maar weet jy wat, dit kan dalk beter wees as wat dit ooit was in jou lewe.

Hoe weet jy? Jy staan aan die kruis. Jy kyk na die kruis. Jy sê dis verby. Wat sê Hy? Wat sê Hy? Alles wat lieflik is. Jy weet, hier is hierdie ding wat gebeur in ons verhoudings, veral met die mense wat naby aan jou leef. Jy gaan na 'n plek toe waar jy al die slegte goed sien in hulle lewe. Kan jy die skoonheid sien in dit wat om jou is, in die mense, in die natuur, in die kuns? Partykeer vat dit bietjie effort. Daarom sê Paulus in Romeine 12 discover the beauty. Party ouens, jy moet diep grawe, maar dit is daar. Dit is daar. Discover the beauty.

En dan, think beautiful thoughts. Vul jou gedagtes met die skoonheid, met die wonder, met die goeie, met die mooi wat jy teekom en wat jy sien in die lewe. Dis presies die teenoorgestelde as bekommernis. Bekommernis is om jou gedagtes te vul met die slegte en die verkeerde en dit wat nie gaan uitwerk in jou lewe nie. Vul jy jou lewe, jy het 'n keuse. Vul dit met dit wat loflik is, dit was jy kan prys, dit wat jy kan sê wow, is dit nie prysenswaardig nie? Vul jou... ontdek dit. Daar is so... die lewe is vol van loflike goed.

Ek kan nie nou help om te dink aan een van my groot helde, Ignatius van Loyola, sy verhaal. Hy is gewond in 'n skermutseling waarin hy betrokke was. Hy lê in 'n kasteel, besig om te herstel. Daar is niks leesstof in die kasteel nie. Dis 500 jaar terug waarvan ek nou praat, en in daardie tyd is al wat in die kasteel was die heiliges se geskiedenis, so hy het Francis van Asisi se storie daar, en Teresa von Avila, en Johannes van die kruis, en hy vat hierdie ou geloofshelde se verhale en hy begin dit te lees, en iets gebeur met hom.

Hy sê daar is... hy beskryf die innerlike beweging wat in hom plaasvind as consolation. Dis 'n gevoel dat everything is coming together for good. Hy word vervul met wense, met drome om vir God te leef, om goed te waag vir God, om goed te doen vir God, en hy kontrasteer dit, en hierdie belewenis en ervaring van hom word amper die kern en die hart van sy spiritualiteit. Hy sê en dan dink hy aan mooi vrouens, en hy dink hoe hy hulle gaan oorweldig, en hy dink wat gaan hy doen met hulle, en hy sê dan het hy 'n oomblik se excitement, en dis 'n groot opgewondenheid, en adrenalien wat vloei en hom opjaag in sy lewe.

Hy sê, maar daarna los dit hom met desolation, nie met consolation nie. Dis gevoelens van gefragmenteerdheid en gevoelens van ek is disconnected met myself en met God en met ander mense en met die natuur en ek het nie die gevoel dat ek hoort en dat alles bymekaar hoort en great is en goed is nie. Dis waarmee dit my laat as ek daardie gedagtes dink. Hy ontdek, prakties in sy lewe, iets van dit waarvan Paulus hier vir ons na toe uitnooi. Dink dit wat loflik is.

In hierdie week lees ek van iemand wat vertel hoe hy eenkeer na 'n vrou kyk en 'n oomblik sien hy haar skoonheid, en hy word oorweldig deur haar skoonheid, hy sê en op daardie selfde oomblik toe jry hy 'n


**© 2012 Mosaïek**

mosaïek

daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

diepe besef dat hy in sy hele lewe nog nooit so gekyk het na ‘n vrou nie, dat hy nog altyd met ander oë na ‘n vrou gekyk het. Hy sê, en hy kry 'n diepe skaamte, hy sê, en so ‘n weemoed in sy hart dat hy voel dat die skoonheid om hom is en hierdie hele wêreld gevul is daarmee, maar as gevolg van dit wat in hom is en dit waarmee hy leef hy dit nooit kon sien of kon agterkom nie.

Dit was die begin van sy reis na innerlike reinheid en skoonheid toe, want Jesus het gesê salig is die wat rein is van hart. Salig is hulle. Die Message sê you are blessed and you’ll be happy when you get your inside world, your mind and your heart put right, because then you will see God in the outside world. Vir hulle wat rein is is alles rein, sê Paulus en Timoteus, en hy kry hierdie weemoed en hy sê, o Here, help my, vergewe my. Ek wil anders kyk en ek wil my gedagtes vul met heel ander waarhede, ‘n heel ander manier van funksionering.

Derde ding, ons word uitgenooi na ‘n sekere soort verhouding toe. Paulus sê kyk na my. Julle ouens, kyk na my. Hy gaan deur die tronk. Hy gaan self deur hierdie goed. Hulle sien hoe gaan hy daardeur. Nou sê hy vir hulle, luister hier, luister hier, ek leer julle. Ek leer julle goed. Julle ontvang dit. Kyk hoe ek dit doen. Daar is lering. Daar is modellering. Kyk hoe doen ek dit, en dan gaan doen julle dit. Daar is inoefening. Daar is teaching, training and modelling wat plaasvind. Dis ‘n verhouding waarin ek met julle leef. As julle dit doen, die God van vrede sal met julle wees. Wow. As jy dit doen soos wat ek dit doen dan sal die God van vrede met jou wees.

Nou wil ek vra, waar kry jy jou teaching? Ons almal is geteach. Ons almal is geleer. Waar kry jy jou lering? Skep jy dit self? Kry jy dit self? Vat jy bietjie... vat...? Is jy eklekties? Vat hier, vat daar, ek hou van dit, ek hou nie van dit nie, jy weet, ek... Wie volg jy, en wie...? Kyk, jy volg iemand, al weet jy nie nou nie. Miskien is jy onbewustelik... baiekeer die ou wat jy die minste van hou is jy... ek sal nooit doen wat my pa gedoen het nie. Raai wat gaan jy doen. Ek kan nou voor... ek is ‘n profeet. Ek gaan vir jou vertel wat gaan jy doen. Die volgende...

Wat... waarmee is jy besig om jou in te oefen? Nou, ek weet nie hoe ons... daar is iets in ons Afrikaanse kultuur, nê, wat sê mense stel jou net teleur. Moenie na mense kyk nie. Moet <u>nie</u> na mense kyk nie. Moet jou nie steur aan mense nie. Dis asof ons sê sny die middelman uit. Kyk net na Christus. Dit klink verskriklik heilig en baie mooi. Dis net totaal onprakties. Van die begin af is die kerk op ‘n model geskool waardeur jy ‘n leermeester het wat saam met jou deur die lewe gaan.

Kyk, dis hoe die Israeliete gewerk het. Hulle het rabbi’s gehad. Jesus was ‘n rabbi. Hy het dissipels gehad, en op daardie selfde model het die kerk voortgebou, daardie selfde patroon, en dis wat Paulus nou ook hier doen. Hy sê ek volg Jesus, ek het goed geleer. Kom, help, kyk, dis hoe jy dit doen. Dis hoe jy dit nie doen. Kyk nou, gaan sit. Gaan sit. Raak stil, mediteer. Kyk na jou gedagtes. Wat gaan aan in jou innerlike wereld? Wat gaan hierdie goed? Hou vas aan hierdie goed, fix. Hy leer hulle. Hy modelleer hulle. Kom sit saam met my. Kom doen hierdie goed saam met my.

En die vraag is, wie... by wie leer jy? Wie modelleer jou? Het jy ‘n ervaring van so verhouding waarin daar vir jou gegee word, waarin jy kennis ontvang, insig ontvang, waardeur jy geïnspireer word, waardeur jy opgetel word, huh, waardeur jy bemoedig word? Jy... kyk, ons kan... Paulus sê bemoedig, bemoedig mekaar. Jy is in daardie... jy gaan weg van daardie persoon af, en die wêreld lyk sommer vir jou anderster. Jy het weer moed, jy is opgetel, jy is geïnspireer, jou passie... dis asof die vlammetjie so klein gebrand het in jou aangeblaas is, en dit nou net weer so sterk brand in jou binneste.

Ons kan dit mentorskap noem, ons kan dit geestelike begeleiding... dis iets wat in ‘n sekere verhouding plaasvind. Daar is ander verhoudings ook, en dit is waaroor ons volgende reeks gaan waarin ons nou mee gaan begin, net om te kyk na al hierdie verskillende verhoudings waarin ons leef en die dinamika wat daar in bestaan, en hoe hierdie verhoudings ons vorm en ons maak en ons vat na dit toe wat die Here vir ons het in ons lewens.


**© 2012 Mosaïek**

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Jo, ek kan nie help om terug te dink nie. My lewe is begin deur twee tannies in die gemeente, sulke ou groot tannies gewees, wat ingekom het in my lewe as Paulusse, my genooi na haar huis en gesê kom bietjie daar na my huis toe, en dan praat sy met my oor hierdie... hierdie geestelike gesprekke. So, hoe beleef jy die Here? Wat voel jy nooi die Here jou na toe uit om nou te doen?

Ek onthou hoe ek eendag moedeloos na haar toe gegaan het. Ek is nie gekeur nie. Dis die einde van my lewe, ek weet nie wat gaan ek nou doen nie, en toe lag sy die lag van genesing. Toe ek daar kom, ek sê... ha ha ha, so jy dink dis verby! Dis bietjie ongevoelig. Dit is verby, ja. Nee, dis jou take daarop, ha ha, so dis interessant dat ‘n ou nou so kan kyk na... weet jy hoe kan ‘n ou daarna kyk? God is groot, hoor. Hy is totaal in beheer van jou lewe. As Hy 'n deur toemaak, jis, dis so exciting, weet jy. Hy het nou ‘n deur toegemaak vir jou. Ek wonder wat gaan hy nou doen vir jou.

Hoe kan... ‘n ou kan so ook kyk daarna. ‘n Ou kan so ‘n attitude hê daaroor. En toe ek daar weg is toe voel ek dis glad nie sleg wat met my gebeur het nie. Dis dalk net die wonderlikste... en vandag kyk ek terug en ek sê dit was die beste. O Here, dankie dat U nie al my gebede verhoor nie, net baie, baie dankie, want, ugh, ek het al sulke stupid goed al gevra.

En sy help my, sy vat my in. Ek sien hoe sit sy met die Bybel, ek het dit nog nooit gesien nie, dan lees sy die Bybel so stadig, dan haal sy goed... en dan sê sy, o, kky hierso. Sy help my. Sy modelleer my. Ek is net... sy moedig my aan. My eerste tree is gegee deur iemand wat so... ek het nie eers geweet wat gebeur nie. Vandag kyk ek terug en ek dank die Here vir haar. Haar naam was tannie Pottie, en na tannie Pottie, toe het ek tannie Koekoes gekry. Sy was baie gevaarlik met die Bybel. Jy kon nie altyd...

Maar, o, het sy gewandel met die Here, elke... as jy by haar kom dan sing sy. Ek kry haar in die... dan stryk sy en die trane loop hier van haar wange af, dan sê sy, o God is so wonderlik. God is so wonderlik. Dan het sy groot probleme in haar lewe. Ek weet nie hoe sy dit gaan... ek weet God maak ‘n weg. Dit smeer af, dit help, dit... o, ons het... het ons nie sulke voorbeelde nodig in ons lewens nie? Hy nooit ons uit. Waar is jy vanmôre?

Miskien is jy op ‘n plek, jy voel my lewe is in skerwe. Jy voel ek gaan van my kop af raak. Hier binnekant in my, daar is geen harmonie nie. Ek het geen sense dat enige iets hoegenaamd gaan uitwerk in my lewe of bymekaar gaan kom nie. Waarna jy roep en waarna jy soek is die vrede van God. Waarna jy soek is die God van vrede. ‘n bewussyn het dat Hy met jou is, ‘n bewussyn het dat ten spyte van wat ek kan sien en voel en wat in my aan die gang is, dit gaan uitwerk. Hy is met my. Waarvan ons vanmôre praat is nie nice idees nie. Dis ‘n ervaring. Dis ‘n geestes ervaring. Dis ‘n rieële hele ervaring wat jy kan beleef en wat jy kan hê. Vra maar. Hier is klomp mense wat dit kan sê, amen, ek het dit al beleef in my lewe.

Miskien is jy op ‘n plek waar jy sê ek hou nie hierdie vrede nie. Ek groei nie in hierdie vrede nie. Ek besef vanmôre ek moet leer bid op ‘n ander manier. Ek besef vanmôre ek moet leer sit. Ek moet leer om te mediteer. Ek moet leer om met hierdie gedagtes van my... in vers 11, Paulus sê ek het dit geleer. Ek het dit geleer. Jy leer dit. Jy besef vanmôre ek moet my lewe oopmaak vir ander mense. Ek vra vandag, Here, ek wil ook met daardie mense te doen kry, die Paulusse. Ek het ‘n Paulus nodig in my lewe, ‘n mentor, ‘n gids, ‘n leier wat... iemand wat my kan help en net bystaan met dit waarmee ek nou is.

Miskien is hy in jou lewe, jy besef net nie die dinamika wat besig is om tussen jou en ander verhoudings waarin jy leef in plaas te vind nie. Dis daar, dis dalk net ‘n erkenning, dis ‘n oopgaan vir dit wat alreeds besig is om te gebeur. Jy word uitgenooi to live your life in another structure of being, one in which the Lord is a vital presence.

Kom ons bid saam. Vader, ons dank U dat ons hier kan saam wees. Ons dank U vir alles wat U gedoen het dat ons vrede kan hê met U. Dankie dat ons U vrede in ons lewe kan hê en dat U met ons kan


**© 2012 Mosaïek**

wandel, die groot God van vrede. Here, U ken die2 wêreld, die druk van hierdie wêreld wat angstig maak. U ken ons vlees. U ken die bose. Daar is soveel teen ons wat keer dat ons nie in hierdie lewe kan instap nie, maar daar is ook soveel vir ons. U is met ons. Ons het mekaar. Ons het die tradisie. Ons het die stemme, ons het die pawiljoen, die wolk van getuienisse wat vir ons aanmoedig en sê dit is daar, dit is nie ‘n storie nie, stap in, vat dit. Ek dank U daarvoor, Here. Help ons, elke een van ons, op ons reis. In Jesus se naam, amen.

Die vrede van die Here Jesus wat alle verstand te bowe gaan is met jou, amen.

mosaïek

daniellestraat, fairland 2030 ♦ posbus 1658, fairland 2030 ♦ t: 011 268 4700 ♦ f:011 268 4800 ♦ info@mosaiek.com ♦ www.mosaiek.com


**© 2012 Mosaïek**